

VYFDE VASTYD SONDAG – JAARKRING C

Eerste Skriflesing: Jesaja 43: 16-21

Beurtpsalm: Psalm 126: 1-6

Tweede Skriflesing: Filippense 3: 8-14

Ewangelie: Johannes 8: 1-11

Vandag se Ewangelie gaan oor die vrou wat in owerspel betrap is. Hoewel die vrou 'n ernstige oortreding begaan het, wou Jesus nie hê dat sy ter dood veroordeel moes word nie. Hy gebruik hierdie gebeurtenis om die skrifgeleerdes en Fariseërs iets te leer. Hulle wat ook nie sonder sonde was nie. Die Here is altyd bereid om ons sondes te vergewe, maak nie saak hoe erg of verskriklik ons foute was nie. In Miga 7:18 lees ons: *“Wie is 'n God soos U? U is 'n God wat skuld vergewe, wat by die oortreding verbygaan tot voordeel van die oorblyfsel van sy eiendom, wat nie altyd vasklem aan sy toorn nie, maar wat vreugde vind in troue liefde.”* Hoe wonderlik om veral in dié tyd van die Sakrament van Versoening gebruik te maak. Jesus sê dieselfde woorde vir ons as wat Hy vir die vrou in vandag se Ewangelie gesê het: *“Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie.”*